MENINGSOPNAME – SEPTEMBER 2010

(Merk met 'n X asb) (250 ontvang)

1)Watter diens woon u by?

1ste diens(82)	2de diens(168)	Jeugdiens(5)	Kuierkerk(35)

2) Wat dink u van die musiek aanbieding in die algemeen?

1ste diens	1(5)	2(12)	3(12)	4(26)	5(39)
2de diens	1(5)	2(4)	3(11)	4(51)	5(114)
Jeug diens	1(0)	2(1)	3(4)	4(7)	5(9)
Kuierkerk	1(1)	2(1)	3(9)	4(26)	5(21)

1=swak; 5=uitstekend

3) Hoe voel u oor die volume van die dromme van orkes?

1ste diens	1(3)	2(2)	3(4)	4(5)	5(25)
2de diens	1(29)	2(8)	3(13)	4(35)	5(109)
Jeug diens	1(4)	2(1)	3(2)	4(3)	5(12)
Kuierkerk	1(1)	2(1)	3(2)	4(1)	5(7)

1=te hard; 5=net reg; 6=nie van toepassing

4) Wat dink u van die orkes se volume oor die algemeen?

1ste diens	1(4)	2(1)	3(6)	4(10)	5(33)
2de diens	1(24)	2(7)	3(15)	4(34)	5(99)
Jeug diens	1(3)	2(1)	3(1)	4(5)	5(11)
Kuierkerk	1(1)	2(0)	3(2)	4(6)	5(17)

1=te hard; 5=net reg; 6=nie van toepassing

5) Het die musiek gehelp om 'n lof en aanbidding atmosfeer te skep?

1ste diens	1(1)	2(6)	3(15)	4(21)	5(44)
2de diens	1(7)	2(8)	3(13)	4(30)	5(119)
Jeug diens	1(2)	2(0)	3(2)	4(2)	5(11)
Kuierkerk	1(2)	2(1)	3(9)	4(14)	5(33)

1=swak; 5=uitstekend; 6=nie van toepassing

6) Wat is u indruk van die lofprysing (Praise en Worship)?

1ste diens	1(1)	2(3)	3(19)	4(21)	5(42)
2de diens	1(6)	2(7)	3(19)	4(35)	5(121)
Jeug diens	1(0)	2(3)	3(1)	4(3)	5(12)
Kuierkerk	1(0)	2(2)	3(10)	4(15)	5(33)

1=swak; 5=uitstekend; 6=nie van toepassing

7) Hoe voel u oor die lied-/musiekkeuses?

1ste diens	1(4)	2(8)	3(15)	4(29)	5(38)
2de diens	1(5)	2(3)	3(24)	4(45)	5(107)
Jeug diens	1(1)	2(2)	3(6)	4(2)	5(7)
Kuierkerk	1(1)	2(0)	3(10)	4(16)	5(37)

Enige voorstelle:

1) Let meer op wat die mense saamsing en watter liedere vind aanklank by gemeente

2) Mis die 2de diens se lofprysing by die 8uur diens, voel soms is dit te styf!

3) Meer opgewekte, vinnige tempo liedjies en ook dalk Engelse liedjies.

4) Kan ons net so dan en wan bietjie meer bekende liedjies sing? Net dan en wan...

5) Enige voorstelle: Daar sal erenstig besin moet word oor die bydrae wat die gemeente lewer tydens die lofprysing – die gemeente moet met meer entoesiasme deelneem aan die lofprysing.

6) Wat het geword van die orrel?

7) Ons sing dieselfde songs oor en oor. Wat van nuwe songs?

8) Waar is die voorsangers?

9) Sou graag meer spontane "worship" wou he.

10) Ek praat nie met my vrou Engels nie, hoekom moet ek met my Hemelse Vader Engels praat tydens lofprysing. Dit is nie my moedertaal nie!! Hou die Engelse lied asseblief binne perke.

11) Die 2de diens se liedjie keuse is beperk. Van die liedere word baie gereeld gespeel bv 'Dit is die dag" Altans die kere wat ek die 2de diens bywoon.

12) Meer bekende liedere. Nuwe moet geleidelik aangeleer word.

13) Te veel nuwe, vreemde liede. Wil graag memoriseer.

14) Die hardheid van die musiek skep die gevoel dat gemeente nie kan of wil sing nie. Voorsangers kan nie gehoor word nie, wat dit nutteloos maak. Die toonhoogte is baie maal te hoog en dit maak deelname baie moeilik. Kan ook liede met meer gematigde tempo sing of tempo van liede kan meer afgewissel word. Baie liede is moeilik om te sing sonder dat dit geoefen word. Vooraf sang voor die diens kan help om praise enworship in te lei. Die hardheid van die musiek word dalk deur die tegniese hantering veroorsaak, dat balans/aanpassing in die volume nie gemaak word nie

15) Meer rooi jeug sangbundel.

16) Uitstekend

17) Meer & meer

18) Kan langer sing, al staan ons nie die heeltyd – baie lekker

19) 1ste diens goed, 2de diens meer gematig en bekende musiek asb!

20) Hou so aan!

21) Uiters beperk, dikwels nie liturgies korrek. Die Liedboek het 'n skat wat glad nie in die kerk ontgin word nie. Ons hoef nie swak vertaalde lirieke te sing nie!

22) Meer halleluja's om ouer mense te akkomodeer.

1=swak; 5=uitstekend; 6=nie van toepassing

8) Is die preke relevant en van waarde vir u oor die algemeen?

1ste diens	1(2)	2(2)	3(3)	4(18)	5(71)
2de diens	1(0)	2(3)	3(5)	4(40)	5(136)
Jeug diens	1(0)	2(0)	3(0)	4(5)	5(15)
Kuierkerk	1(0)	2(2)	3(2)	4(13)	5(49)

1=swak; 5=uitstekend; 6=nie van toepassing

9) Evalueering van prediking van leraars?

Bernard	1(1)	2(4)	3(10)	4(48)	5(154)
Gerrit	1(3)	2(13)	3(37)	4(57)	5(82)

Leon	1(0)	2(1)	3(8)	4(33)	5(160)
Nico	1(5)	2(25)	3(57)	4(51)	5(47)

1=swak; 5=uitstekend

10) Is die klank duidelik?

1ste diens	1(0)	2(2)	3(3)	4(10)	5(83)
2de diens	1(1)	2(0)	3(5)	4(23)	5(149)
Jeug diens	1(1)	2(0)	3(1)	4(2)	5(16)
Kuierkerk	1(0)	2(2)	3(2)	4(16)	5(49)

1=swak; 5=uitstekend; 6=nie van toepassing

11) Is die media/proxima voldoende?

1ste diens	1(0)	2(0)	3(3)	4(19)	5(61)
2de diens	1(1)	2(3)	3(7)	4(36)	5(130)
Jeug diens	1(0)	2(1)	3(2)	4(4)	5(18)
Kuierkerk	1(0)	2(1)	3(2)	4(10)	5(44)

1=swak; 5=uitstekend; 6=nie van toepassing

12) Wat is u algehele indruk van die diens van begin tot einde?

1ste diens	1(0)	2(2)	3(3)	4(22)	5(58)
2de diens	1(0)	2(13)	3(12)	4(44)	5(127)
Jeug diens	1(0)	2(0)	3(2)	4(6)	5(12)
Kuierkerk	1(0)	2(0)	3(4)	4(16)	5(40)

1=swak; 5=uitstekend; 6=nie van toepassing

13) Kom u na die diens toe agv:

1ste diens	Tydfaktor (71)	Musiek (19)
2de diens	Tydfaktor (127)	Musiek (99)
Jeug diens	Tydfaktor (7)	Musiek (3)
Kuierkerk	Tydfaktor (34)	Musiek (16)

Ander rede, spesifiseer asb –

1) Baie bekommerd oor toekoms in gemeente. Ek sien my en my gesin nie aanbly wanneer daar 'n ouetehuis rondom kerk gebou word nie. Daar is nie plek vir parkering nie, maar 'n ouetehuis word gebou.

2) Om God se Woord te hoor en dit te leef.

3) Kuierkerk agv tipe onderwerpe

4) Ek is meer gemaklik met die eerste diens agv my Greformeerde opbrengs

5) Oor die algemeen is ons baie tevrede met alles wat tesame gaan met die Tweede Diens. Die atmosfeer is lekker en die musiek maak dit baie aangenaam

6) Sondagskool is in hierdie tyd, pas ons perfek

7) Gerieflik om die 2de diens by te woon, en die atmosfeer is fantasties

8) Dit is baie lekker om na die kerk toe te kom. Dit is lewendig en die boodskap is altyd fantasties.

9) Ds Leon en ds Bernard is fantastiese predikers, hulle skep in my 'n begeerte om kerk toe te gaan!!

10) Ek kom kerk toe want dit is lekker vir my , ek geniet dit en ek kry voedsel vir my siel en krag

vir die week wat voorlê. Weereens ek geniet my kerk.

11) Ek kom na diens omrede ek God se boodskap wil hoor, tyd is nie issue nie nog minder musiek

12) Kinders in kinderkerk

13) Omdat ek 'n boodskap soek

14) Ek verkies om die tweede diens by te woon – daar is meer mense en dit is net meer wow as die 1ste diens. Maar moet sê as ek nie die 2de diens kan bywoon nie sal ek die 1ste een bywoon. Dit is regtig baie gerieflik vir die twee dienste, en haal my hoed af vir die leraars, want hulle gee hulle alles by albei dienste en moet baie uitgeput wees daarna.

15) Kinderkerk is dieselfde tyd

16) Early bird catches the worm

17) Ons is nuwe lidmate en sien vreeslik uit na Sondae. My dogter het altyd vertel van God se Gees se teenwoordigheid – dit is daar en dit is WAAR!!!!! EK en my man is dipe in ons sestigs en die musiek bring nuwe lewe in my gees. BAIE BAIE dankie – julle is professioneel., Tony & Rina Paladin

18) Hier het ek die gevoel gekry dat God teenwoordig is in alles wat ons doen. Die musiek maak 'n baie groot deel hiervan uit, asook die predikante se moeite met hulle preke. Dit is opsigtelik dat daar baie tyd en moeite ingesit word vir elke Sondag. Ons kan dalk net die Moederskamer meer adverteer.

19) Om boodskap en die Here te dien met lofsang

20) Ek kom na 'n diens toe omdat ek deur die Here daartoe aangespoor word, ongeag wat die musiek of prediking bied. Ek verkies bloot die eerste diens omdat ek vroeg klaar wil wees, en dan weer die tweede diens agv katkisasie. Ek woon die jeugdienste af en toe by omdat ek belangstel in wat ons jeug doen en wat met hulle vermag word.

21) Somtyds is die keuses minder aangenaam en dit reflekteer op die volume van die gemeente sang

22) Om meer van Jesus te weet as ons Saligmaker. Die res help net om die boodskap te onderteun

23) Die onderwerp in die kuierkerk is aktueel

24) Ek woon die kuierkerk by agv die boodskap wat gebring word. Sou egter die tyd wou verander in die winter

25) Ek woon samekoms by vir gemeenskap met ander gelowiges. Musiek is 'n plus, maar nie rede vir bywoning.

26) Om Jesus te beleef en in geloof te groei.

27) Ek woon die 1ste diens by omdat ek by die kinderkerk betrokke is. As ek tussen die 2 dienste moet kies, wen die 1ste diens.

28) Baie lekker, hoogtepunt van week, hou net so asb. Baie dankie vir wat ons elke Sondag kry. Dat ons net kan sit & luister.

29) Om die Here te loof tesame met my broers & susters in God.

30) Soms voel dit of die musiek oorweldigend is en nie altyd bydra to die harmonie en atmosfeer van die boodskap

31) Die rustigheid / Op en wakker oggend

32) Na die boodskap wat God vir my het

33) Ons kom kerk toe om die Here te loof, te aanbid en die lering te ontvang sodat ons beter kan verstaan hoe om die Woord te gehoorsaam. Tyd, en veral musiek, is sekonder. Wanneer die lofprysing egter 'n vals akkoord word wat die atmosfeer vertroebel, dan eers word dit premer,

maar dan is dit ’n wanbalans wat aangespreek moet word. My persoonlike opinie is dat dit ’n geruime tyd terug al aangespreek moes gewees het.

34) Leer graag en groei geestelik by kuierkerk

Algemene Kommentaar:

1) Dankie vir die moeite wat u doen ek’s baie gelukkig in die gemeente!! Ons is bevoorreg om wonderlike predikante te hê wat baie moeite doen – tydens dienste - wat DIEN in die algemeen nie net Sondae tydens preke nie.

2) Baie Dankie vir n Gemeenskapskerk!!! Ons is lidmate van 1989 en het deur baie ervarings met die gemeente geloop. Ek en my gesin sien uit na Kerk Sondae , Ek put groot persoonlike waarde en ervaring daaruit, Ek wil ook graag meer betrokke raak – tyd is n probleem (jammer maar dis waar) Ons het groot waardering vir almal se bydrae – julle is regtig die ‘unsung heroes’ Sien uit na vele meer geloofservarings in die toekoms – en hopelik ook die begin van my persoonlike ‘teruggee’ aan die gemeenskap Groete – Nico Swart & Gesin

3) Ek kom na diens toe om te luister

4) Hou nie van al die engelse liedjies nie.....Sommige liedjies sing moeilik

5) Daar is baie om oor positief te wees, maar ek gebruik graag die geleentheid om ook na die negatiewe (let wel my persoonlike gevoel) aspekte te kyk. 1)Sal graag die geloofsbelydenis saam as n gemeente wil opse of selfs n voorleesing daarvan wil hoor(nie elke sondag nie). 2)Dieselfde geld vir die wet ,sal graag wil he die ds. moet dit vir gemeente voorlees per geleentheid.Ek glo nie ons as mense kan dit genoeg hoor nie.Dit blyk so eenvoudig te wees,maar ek sukkel op n daaglikse basis om dit na te volg. 3)Jammer ek is nie n groot voorstaander van die kinders/vrouens wat tydens die diens dans nie (weereens persoonlik)Ek se hiermee glad nie dat enige van die bo-genoemde verkeerd is nie dus bloot net my mening. 4)n Paar lekker saam sing psalms sal ook nie ongesiens verby gaan nie. Dankie vir die geleentheid om n bydrae te lewer tot die vooruitgang van die NG Gemeendskaps Kerk

6) Ons het wonderlike predikante

7) Oor die algemeen is ons baie tevrede met alles wat tesame gaan met die Tweede Diens. Die atmosfeer is lekker en die musiek maak dit baie aangenaam

8) Daar word te veel vreemde musiek gebruik wat ons nog nooit gehoor het nie . Onthou dat nie almal na die “nuutste” musiek luister nie en gevolglik staan mens met ’n long vol lug wat nie gebruik kan word nie. Wat van meer[nie uitsluitelik] van die amptelike liedere gebruik te maak? Wat die preke betref kan die prediker wanneer daar na die Woord verwys word presiese verwysings gee. Bv iets is in Rom geskryf ipv Rom 8:15 Die doel van die preek is om te leer, om God aan die hoorder meer bekend te maak en indien daar nie presiese verwysings gegee word nie neem dit ’n lang tyd om die verwysing te gaan soek.

9) Baie dankie vir al die moeite met die Preke. Ek het al selfs vir Leon en Bernard gevra om vir my van die “power point presentastions” en “clips” aan te stuur vir my om te gebruik. Dit is heerlik om Kerk toe te kom en ek geniet die musiek. Ek verkies die orkes – ons is mos BLY om by die Kerk te wees

10) Ek het ’n voorstel vir die kleuterkerk. Elke mamma kry ’n nommer wat aan haar kind gekoppel word. Wanneer die kleinding dan moeilik raak kom gee hulle die spesifieke nommer vir die mense in die projekteer kamer en hulle laat dan net die nommer op die skerm verskyn.sodat mamma weet om haar kleinding te gaan haal. Op die oomblik weet hulle glad nie waar om die mammas te kom soek as kleinding moeilik raak nie en die mammas is die hele diens deur bekommerd of sy nog ok is. Dit het ook ’n ruk terug gebeur dat my kleinding net uitgeloop het om my te kom soek en gelukkig het iemand wat my ken haar sien rond dwaal op die stoep en my toe in die kerk kom roep. Ek het baie groot geskrik en het daarna nie die vertroue om haar in die kleuterkerk te los nie

11) Ons ervaring was dat die 2^{e} diens nie so formeel is soos die 1^{e} diens nie. Ons is gaande oor die lewe wat in die kerk is. Ons woon die Kuierkerk by oor die interessante temas waaroor daar gepraat word

12) Al die leraars is baie goed maar ek wil net n ekstra kompliment gee aan Leon. Ek geniet sy preke die meeste!!

13) .Hou net aan met die puik werk. PRYS DIE HERE

14) Dit is ’n wonderlike ervaring om dienste in ons kerk by te woon. Die boodskap is altyd van toepassing en treffend. Ons het uitstekende Leraars.

15) Sondae is soos pitkos en krag wat ons verlang om die volgende week weer in die oë te kan kyk en sommer net bly te voel om Christen te wees!

16)) Leon se preke: Inhoud = 5. Tydbeheer = 3

17) Ek kom na die diens om saam met my broes en susters in Christus na Sy Woord te kom luister oor wat Hy vir my wil sê en om Geestelik gevul te word.

18) Klein kinders in kerk is steurend. Ouers moet in moederskamer sit.

19) Die sang /worship voor die diens is dalk te lank vir party mense om te staan.Moenie die lofprysing verkort nie maar laat die mense dalk eers net sit en sing tydens rustiger liedjies en later staan tydens die meer “aktiewe”liedere.Baie dankie om deel te kan wees van ’n wonderlike gemeente en wonderlike meelewende dienste. Die boodskap is altyd pitkos vir die siel vir die hele dag,week en dikwels vir baie lank daarna.Dankie

20) Dit is wonderlik om uit te sien om Sondag diens by te woon. Beide Leon en Bernard het ALTYD n unieke en besonderse boodskap wat jou laat voel of hulle met jou persoonlik praat. Dit is gemaklik en lekker in die gemeente.

21) Ek is nie meer in die gemeente nie, maar my kinders is lidmate daar. Dus gebeur dit dat ek van tyd tot tyd jul dienste bywoon. Ek ontvang ook graag jul e-posse, aangesien ek al geholpe geraak het deur middel van jul advertensies. Dit is ’n wonderlike diens wat jul vir die gemeente bied, en is bevoorreg om al daarvan gebruik te kon maak. Mag die Here julle seën met julle wonderlike werk en geleenthede wat julle ons bied.

22) Sal waardeer as leraars uit ’n vertaling lees wat almal kan volg. Dis steurend as daar gelees word uit ’n vertaling wat baie verskil van wat mense oor die algemeen gebruik en emns dan sukkel om te volg.

23) Ek is nie so seker van Gerrit se keuses van musiekvideo’s en die boodskap wat hy wil oorbring nie. Dis amper asof die diens gewyd behoort te wees en dat pop of rock musiek videos nie daar hoort nie. Daar is ’n plek vir dit en ek verstaan dat daaruit ’n boodskap kan kom, maar skop so bietjie teen ’n erediens ’n “rock show” maak (dit is hoe ek binne voel – met respek)

24) Probeer asb. so ver moontlik die band by alle dienste he. Dit maak die praise en worship baie lekker in nie outyds NG nie.

25) Ek is GEEN voorstaner vir harde en Engelse liedere terwyl ons pragtige liedere in die Psalm en Gesangeboek en liedboek het nie. En meeste mense ken hulle goed. Dromme en elektriese kitare is vir my gepas by braais en partytjies, nie in die kerk nie.

26) Humor het ’n tyd en plek, maar ek dink Gerrit oordryf dit. Die tyd en plek is nie altyd reg nie.

27) Ek kom van ’n Hervormde Gemeente af en het gesoek na ’n kerk wat my die “wow” gevoel kan gee as ek die diens verlaat, en ek het dit by julle gekry. Baie baie dankie, dit is die eerste keer dat ek ‘n “wow” christen is en dit kan uitlewe. Baie baie baie baie dankie daarvoor.

28) Om die woord van God saam met mede christenne te deel is ongelooflik waardevol en ook kosbaar ons aanvaar dit as algemeen maar ons moet besef hoe gelukkig ons is. Die diens dien as padkos, die verduidelikings in die diens en ook die voorbeelde wat gebruik word is prakties en verstaanbaar. Die gemaklikheid van die aanbiedings is wonderlik en draai by tot die algemene atmosfeer.

29) ‘n Uur voel so kort en as ons uitstap bespreek ons die diens en die boodskap wat ons ontvang het. Al die gaste wat saam met ons die diens bygewoon het, het dit waardeur en praat oor die diens en boodskap na die tyd. Ek wil graag die volgende noem. Die musiek en band moet bly dalk moet die musiek nog harder word om die mense te dwing om uit volle bors te sing, ’n

gebrom en gemopel klink nooit mooi nie. Ek kan nie sing nie om die waarheid te se ek sing vals maar ek sing nie vir die mense om my nie maar vir God en hy het vir my my stem gegee. So as almal uit volle bors sing sal die die mense langs jou nie tyd kry om te dink hoe jy sing nie hulle sal net dink hulle sing persoonlik vir God en vergeet van wat om hulle aangaan. Laastens ek was nou in ’n paar kerke waar die mense kerk toe gaan om te kyk wat die ander mense doen, aantrek en wie nie in die kerk is nie. As dit die enigste rede is vir daai kerk se bestaan is daar baie fout. Kom ons hou aan om ons kerk op God se woord te vestig as fondament.Baie dankie vir almal by die kerk Almal se vriendelikheid en ondersteuning word waardeur

30) Hoekom kry ons iemand van buite om die kerk te evalueer? Ons moet dit dan n‘ besigheid noem en nie meer ‘n kerk. Ek dink dis onnodig, want as ons nie die Bybel kan gebruik as basis en die groeie van ons gemeente, dan het ons ’n probleem en is ons nie seker onself nie. Gedog die Here is in beheer. Agv dit, dink ek erenstig daaraan om na ’n ander kerk toe te gaan.

31) Alles is vir my perfek soos dit

32) Ons geniet NG Sunwardpark gewelding en sal nie sommer uitbeweeg na ’n ander gemeente nie – die kidz geniet die Sondagskool/Kinderkerk ook baie. Baie dankie vir wat julle vir ons as Gemeente doen.

33) Kom vir geestelike krag en kos vir die week. Muskiek is ’n bonus vir die lofprysing.

34) Julle is almal puik in my oë. Ek bewonder julle vir julle toewyding en het empatie en simpatie met julle as predikers vir alles wat julle moet deurmaak op ’n daaglikse basis. Van begrafnisse, tot hospitaal besoeke, leiding, KRITIEK, ens. ens. STERKTE !.

35) Ek dink werklik die gemeente het nog steeds erenstige vernuwing nodig rondom die lofprysing; die algemene gevoel wat ek ervaar is dat daar slegs ’n paar lidmate is wat hulle uitleef in die musiek (ek praat spesifiek van die tweede diens) en dit bekommer my.....

36) Tevrede met hoe diens verloop, miskien kan ons meer afrikaanse liedjies sing

37) Ons sal bly wees as die teksvers in die blaadjies genoem kan word – Ons geniet om terwyl ons wag die Bybelstuk te lees en om so gereed te maak om te luister na die preek.

38) Ons is daar om ’n boodskap te kry en jy moet jouself oopstel om dit te ontvang dan sal daar geen klagtes wees oor die musiek of wat ook al.

39) Ons is so geneig om te dink dat almal Jesus as hul persoonlike Verlosser aangeneem het, en ’n verhouding met hom het, terwyl dit glad nie so is nie, daar kan dalk net iemand wees wat ’n behoefte het om dit te doen of weereens opnuut aan Hom toe te wy. Dit is ook mos waar verlore siele gewen moet word.

40) Ons kerk, leraars, dienste, alles is uitstekend. Dankie daarvoor.

41) Al hoekom ek nie 5^{e} gee nie, is omdat daar altyd ruimte is vir verbetering. Ons het nie major probleme nie.

42) Kuierkerk agv tema van aanbieding – selgrope kom Sondagaand bymekaar op ander Sondag aande.

43) Ons het oorgekom van ’n ander gemeente agv die aanpasbaarheid van ons HELE gesin, insluitend die kinders. Ek LOVE die way dat ons openlik kan praise and worship. Ons leraars is baie meer as predikers, hulle is leiers en vriende, mense wat nie hulleself hoer ag as ons nie (soos wat in sommige ander gemeentes gebeur). Ons is baie baie gelukkig in Sunward Gemeenskapskerk

44) Ons moet kyk na die kerk as geheel en nie net na wat ’n paar mense wil of nie wil of nie wil doen nie. Die kerk is ’n sosiale geleentheid ja, maar die hoofdoel is gemeenskap met die Here en geetelike groei. Christelike beginsels is baie belangrik en moet voorkeur geniet. Mens gaan nooit almal tevrede stel nie, tevredenheid kom van uit jouself, moenie ander mense weg stoot omdat ’n paar mense ongelukkig is of nie hou van hoe dinge verloop nie, trek eerder die ongelukkige mense in by groepe sodat hulle betrokkenheid kan ervaar.Sondagskool moet sondagskool wees, voor of na kerk, maar nie in die aande nie, dan is dit meeer van ’n social as sondagskool. Dalk moet ons terug gaan na ’n paar basiese beginsels.

45) Dankie vir alles wat julle doen, want julle doen dit baie goed!!

46) Moet asb niks verander, want almal is gelukkig en dit wat julle doen, werp vrugte af – kyk net na ons vol banke!!!!

47) Ons as gesin geniet dienste, ons kom om iets van die Here te hoor en in Sy teenwoordigheid te wees, self die kinders geniet die wonderlike wyse van aanbidding, baie dankie, Liewe Jesus seën julle vir julle wonderlike werk!

48) Sou graag 2de diens wou bywoon agv meer lewe & musiek. Miskien die kategese & finale jaar selfde tyd hou.

49) Verstaan dat die klank in die moederskamer nie so goed is nie... kan daarna gekyk word asb sodat meer moeders die moederskamer kan gebruik en minder in die kerk hoef te sit Dit sal help dat hulle die boodskap kry sonder om skuldig te voel omdat hul baba huil en dan moet hulle opstaan en uit die diens stap

50) Lofprysing is nie om lekker te sing en om 'n lekker tyd saam te geniet nie. Dit moet my nie net geleentheid gee om my lof aan die Here te bring nie, maar ook om deur my lof ingestem te word vir die boodskap wat gaan volg. Ek moet uit die lofprysing al agterkom waarheen ons gelei word en wat die tema van die prediking gaan wees. Die onbekende liedere wat taalkundig on onversorg is en partymaal ten hemele skree dra nie daartoe by nie.

51) Ek bevind die diens opbouend en geestelik vervullend

52) Verwys 5) hierbo: Aanvanklik moes die musiek ons lei om "praise en worship" te ervaar met ' die lied in ons hart' maar as ons na die gemeente se lyftaal kyk is dit maar gewone gemeente sang. Hoekom kan ons met die laaste vers van die 'Oorwinningslied' almal ons hande opsteek na bo en nie ook met ander liedere nie?

53) Leon moet minder tyd mors met almal wat alewig wil getuig of iets wil bemark.

54) Ek stel voor ons gaan venoorskap aan met AGS om ons jeug by hulle in te skakel. Ons jeug word nie reg bedien nie en bywoning is swak. Hulle kla oor die manier wat hulle betrek word. Hulle se dis "boring"

55) Gedurende vakansies is daar net een diens. Kan daardie diens nie dalk vroeer wees nie, veral in die somer tydperk?Miskien 08h00 ipv 09h30

56) Verkies meer liedere uit die Liedboek met orrelbegeleiding as kassette!!!

57) Ons geniet die orkes maar die dromme is te hard en doen afbreuk aan die musiek en lofprysing

58) Ek is betrokke by die kinderkerk. Daarom indien ek nie die oggenddiens kan bywoon nie maak ek 'n punt daarvan om die kuierkerk by te woon . Die 1ste diens is te vroeg en ek verkies die 2de diens se musiek.

59) Gerrit is die beste. Hy het my uit die gutters kom haal.

60) Die kerk het vir my en my gesin al soveel beteken, en daarvoor sal ek julle almal ewig dankbaar wees.

61) Ons wissel tussen die 1ste en 2de diens. Beide uitstekend. Klank van die orkes in die 2de diens is dalk so klein bietjie te hard. Baie klein.

62) O**ggend diens**: Ek sal graag wil hê dat ons weer die geloofsbelydenis hardop doen in die kerk – nie elke week nie – nou en dan. Ons jongmense ken dit nie en ek dink dis `n groot leemte. Die musiek het verbeter die afgelope paar weke (tydens die eerste diens) – ons wil nie ou goed sing nie!! Wil ook nie altyd so lank staan nie – soms tot 20 -25 minute se staan.
Aand diens Dis wonderlik as Leon die sang lei met sy kitaar. Hy sing so mooi en dit dra by tot die regte stemming. Die twee seuns saam met Estelle is ook wonderlik. Die musiek keuse in die aande is goed. Dis lekker as ons liedjies sing wat ons ken en nie dieselfde liedjie (onbekende) oor en oor herhaal nie
Jeugdiens Ek is bekommerd oor die manier hoe die boodskap oorgedra word en oor dinge wat gese word in die kerk . Kinders sit met selfone en werk in die kerk. Grappe is ook net tot op punt van snaaks. Ons kind, `n tiener, wil glad nie jeugdiens toe gaan wanneer hulle "band" speel nie . Dis nogal hartseer dat baie van ons jongmense so voel. `n Ander ding wat pla is

groot aantal jongmense wat tydens die diens rondloop. Ander sit ook buite die kerk en rook. Glad nie reg nie!!! Ek is seker ons kan iets doen – miskien moet sommige van ons maar beurte maak om te patrolleer!!!

63) Sondagskool is in hierdie tyd, pas ons perfek.

64) 2de diens se tyd is net mooi reg 09:30.

65) Ek sou graag versoek dat die oggenddiens tye waar daar net een diens is verader word na 09:00 om 'n middeweg te vind tussen die 1ste en 2de diens bywoners. In terme van die aanddiens sou ek versoek dat daar 'n wintertyd ingestel word waar hierdie diens of 17:30 of 18:00 sal begin ipv 18:30. Dit is koud en donker en die meerderheid gemeentelede wat dit bywoon is ouer lede van die gemeente.

66) Dit is vir ons as gesin uiters onvangpas & irriterend dat Bernard gedurig oor rugby praat van die preekstoel af – Is dit nie 'n "afgod" nie? Ons is selfs bloubulle. Maar daar is TV tyd en plek.

67) Dankie vir jou harde werk Bernard!

68) Verkies die eerste diens want ek hou nie van die konsert met oorverdowende dromme tydens die 2de diens nie. Ek geniet die kuierkerk, dit is amper soos `n omgee byeenkoms omdat dit dieselfde mense is wat kuierkerk bywoon.

69) Nie een van bogenoemde nie. Ek kom om die Woord te hoor en Bybelse gemeenskap te beleef.

70) Ontbreek diepte en groei in baie van die boodskappe

71) Dankie vir wonderlike predikante. 'n Seen om deel te wees van so 'n gemeente want ons dien nie net Sondae nie! Jul is stunning

72) Here saam met gelowiges te loof – Geen orkes!

73) Ek geniet die dienste!

74) Voel sterk daaroor dat die lofprysing 10 min voor die diens moet begin & nie eers by 09:30 nie

75) Kuierkerk se tyd nou OK. Moenie weer in die winter dit 7uur begin nie.

76) Ons kan gerus meer charismaties raak, laat die 1ste diens, vir pakke, hoede, orrel, psalms en gesange wees. Laat die 2de diens jubel!

77) Jul ouens bring nuwe vreugde in ons gemeente. Dissipels van God. Amen!

78) Mis net geloofsbelydenis. Dit voel nog vir my nodig.

79) Die klank mense moet oplet op hulle kleredrag. Bernard moet weer die Woord oopbreek en nie net persoonlik preek nie. Dis alles dieselfde. Ons sing versies heeltemal te veel oor en oor!

80) Ons het nog elke diens geniet en nie een was dieselfde nie. Ek voel die daar is iets vir almal en dat alle aspekte gedek word

81) Die woorde as ons sing!!!

82) Om voedsel vir my siel te kry.

83) Meer sing asb.

84) Wanneer Gerrit 'n "preek" doen, dmv 2 gesprek, is dit nie 'n spirituele ervaring nie.

85) Voorsangers kan dalk meer betrokke (entoesiasties) wees.

86) Dankie vir jul geduld met Zoë!

87) Mens stel nie net ’n kerkdiens af nie – of mag die jeugleraar doen soos hy wil! Kan die leierleraar hom nie bietjie lei nie??

88) Ons is baie gelukkig in die kerk. Baie dankie

89) Om die Here te dank en te dien!

90) Ons is baie gelukkig in die gemeente en groei geestelik.

91) Sit foto’s met name van die Gemeenteraad op ’n blad dat die gemeente kan sien wie is wie!

92) Gelukkig hier.

93) Die prediker 100%. Stuur tye en waaroor preek gaan uit.

94) Dit is ’n voorreg om ’n lidmaat van die kerk te wees.

95) Hou kerklike onderwerpe in kerk. Rugby hoort tussen braaivleisvure. Wat het van wet & geloofsbelydenis geword? Hoekom preek Leon so min by ons? Blikzim Projek – Is die impak groter deur met ’n kragwoord te “link”? As die Bybel sê iets is verkeerd, preek dit so. Ons moenie gematig raak en mense aanvaar soos hulle is, dus ons taak om met hulle uit Bybel se oogpunt te praat. Tatoos. Dis skielik reg as dit na ’n bybel-woord is! Bog. Raak strenger in liefde met die jeug. Hulle hou van grense nie airy-fairy dis alles oukei nie.

96) Sunward rock!!

97) Boodskap

98) Beste kerk in Suid-Afrika

99) Ek dink ons kerk is awesome

100) Ek is ’n baie vervulde gelukkige gemeentelid. Hier is die liefde voelbaar

101) Omdat die preke en die diens my laat groei

102) Skep geleentheid vir getuienis / terugvoer van siekmense

103) Dankie vir alles

104) Meer aanbidding

105) Asb nie orrelmusiek!

106) Gerrit moet nie so impulsief wees en erediens net afstel nie. Wat van praise & worship as jy dan siekerig voel? Minder grappies in diens asb.

107) Tyd, musiek glad nie rede oor kerk toe kom nie

108) Om na die boodskap te luister. Woorde op borde onduidelik aan regter kant

109) Ons staan te lank met sang, nl vir bejaardes

110) Herhaling van liedere is onvanpas. Dis oor en oor en oor. Preek meer uit die Bybel Oppas om leefstyl afrigters te word en nie leraars vn die Bybel nie. Te min word vir senior geug (H/S) gedoen. Betrek hulle meer en vra wat hulle wil he.

111) Sing bietjie Engelse liedere ook. Moet ons so lank staan en sing? Ons kan sit en ook sing. Hier is baie ou mense wat beide dienste bywoon.

112) Altyd boodskappe wat mens bybly – kan nie vir beter vra nie, baie geseem om al 4 leraars te he, net te kort.

113) Pitkos vir die siel.

114) Waarom word die seen nie meer uitgespreek aan die begin van die diens nie?

115) Orkes steurend hard tydens 2de diens.

116) Lekker atmosfeer in kerk! Baie dankie!

117) 1)Afrikaans word van alle kante bedreig en uitgefaseer. Hoekom moet die enigste instansie wat die reg het omsy eie taal suiwer te hou, nl jou kerk, meedoen aan hierdie heksejag op ons taal. Kan ons nie maar hierdie pragtige taal suiwer gebruik in die prediking nie. Waarom die alewige 'slang' wat gebruik word, dit spreek tog van 'n onnodige, ondeftige en 'n platte taal wat min respek toon vir die hoorder. 2)Waat asb teen 'n te losse liturgie in die eredienste. Ons God is tog 'n God van orde. Kom ons hou die wereld uit die eredienste en skep weer 'n atmosfeer van afwagting vir die ontmoeting met ons Vader in die erediens. 3)Dankie dat SWP vir ons 'n geestelike tuiste is waarin ons kan groei en gemeenskap met ander gelowiges kan geniet.

118) Ek sou graag wou sien dat meer geleentheid geskep word vir kinders om ook saam met ouers in die kerk te wees (nie net vakansies nie)

119) Partykeer voel ek dat die predikante te veel stories en mense aanhaal, een of twee quotes is ok, maar dit word soms oordoen ten koste van die Woord

120) Die musiek is regtig great,dis iets om na uit te sien elke Sondag.

121) Hoekom is daar 'n moederskamer? Ouers neem nie die gemeente in ag en gaan uit as kindes lastig is en ander se aandag aftrek nie.

122) Dit is ooglopend dat van die Leraars baie meer tyd en energie insit ter voorbereiding hul preke. Ons is n gevestigde gemeente en alhoewel ons gereeld nuwe lidmate bykry (ek dink meestal van bestaande gemeentes) is dit my ervaring dat van ons Leraars se boodskappe nie altyd diep verrykend is nie. Van tyd to tyd wil dit voorkom dat ons nie voldoende beplan vir die aanbieding van n erediens – ons het teveel aktiwiteite vir een diens, bv. Die musiek groep sal optree, daarmee saam sal ons dalk doop en of nagmaal bedien ens.

123) Kom na die 2de diens omdat dit dieselfde tyd as kinderkerk en kategese is, maar die musiek speel ook 'n groot rol.

124) Klein kindertjies is baie lastig en daar moet versoeke aan hul ouers gedoen word om die moederskamer te gebruik

125) Sekere musiekinstrumente oor die algemeen 'n hindernis

126) Kan nie eintlik uitspraak oor orkes want ons is te vroeg op vir hulle / Glo ook nie 'n vroegoggend orkes is van pas by 8uur diens.

127) Kry kos vir jou siel uit preke. Maak van musiek so hard jy kan nie jouself hoor sing nie – wat help dit dan?

128) Jeugdiens moet 19:30 begin en sondagskool 18:30.

129) Eer aan die Vader

130) Die gedurige geskarrel om dinge "reg te maak" is uiters irriterend.

131) Ek hoor daagliks waar ons gemeenskapskerk betrokke is en uitbou van Evangelisasie.

Kommentaar:

1. Geloofsbelydenis
2. Musiek te hard
3. Nuwe liedjies
4. Gerrit
5. Staan te lank met praise & worship
6. Moederskamer – Klein kinders

Positief

1. Tevrede met predikante / praise & worship
2. Moet niks verander nie